higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

MEDIESE PRAKTYK N6
(Tweede Vraestel)

11 JUNIE 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1	1.1.1	Vreemde		
	1.1.2	Selfstandigheidsgevoel		
	1.1.3	Privaatheid		
	1.1.4	Verleë		
	1.1.5	Roetine		
	1.1.6	Regressie		
	1.1.7	Verdedigingsmeganisme		
	1.1.8	Bejaardes		
	1.1.9	Afgeleer		
	1.1.10	Psigiaters		
			(10 × 2)	(20)
1.2	1.2.1	Waar		
	1.2.2	Waar		
	1.2.3	Onwaar		
	1.2.4	Waar		
	1.2.5	Onwaar		
	1.2.6	Onwaar		
	1.2.7	Waar		
	1.2.8	Waar		
	1.2.9	Waar		
	1.2.10	Onwaar		
			(10 × 2)	(20)
				[40]

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 2

2.1
- Verlengstuk van die self
- Hartlike verhoudings met andere
- Selfaanvaarding en emosionele sekuriteit/selfbevestiging
- Realistiese persepsie
- Sinvolle werk en diens/probleemgerigtheid
- Selfkennis/selfbewussyn/selfobjektivering en humor
- 'n Verenigende lewensbeskouing/godsdienssin (7)

2.2
- Groepslede besef dat hulle nie die enigste is nie.
- Groepe is 'n klankbord vir gedagtes en idees
- Meer terugvoering en verskillende oogpunte
- Groepslede leer hoe ander mense dieselfde probleme as hul eie hanteer
- In 'n groep gee en neem mense makliker ondersteuning aan
- Groepterapie kos minder as individuele terapie.
- Deur hulle wisselwerking met ander leer groepslede om beter te kommunikeer (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

2.3
- 'n Siek persoon bly heeltyd in sy/haar slaapkamer
- 'n Siek persoon se slaapkamer, wat voorheen sy of haar veilige hawe was, is skielik 'n siekekamer
- Wat voorheen 'n plek van veiligheid was, verander nou in 'n tronk
- As die persoon bedlêend is, is dit nog erger omdat hy of sy nie eens in sy of haar eie kamer kan rondbeweeg nie
- Iemand wat in die bed moet bly, voel later soos 'n gevangene in sy of haar eie omgewing.
- Klere, skoene en ander dinge in die slaapkamer herinner die siek persoon aan die buitewêreld waarvan hy of sy afgesluit voel

(Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

3.1
- Neuro-ontwikkelingsversteurings
- Skisofreniespektrum en ander psigotiese versteurings
- Bipolêre en verwante versteurings
- Depressieversteurings
- Angsversteurings
- Obsessief-kompulsiewe en verwante versteurings
- Trauma- en stressorversteurings
- Dissosiatiewe versteurings
- Somatiesesimptoom- en verwante versteurings
- Voedings- en eetversteurings
- Elimineringsversteurings
- Slaap-wakkerversteurings
- Seksuele disfunksies
- Geslagsdisforie
- Ontwrigtende, impulskontrole- en gedragsversteurings
- Dwelm- en verslawingsversteurings
- Neurokognitiewe versteurings
- Persoonlikheidsversteurings
- Parafilieversteurings (Enige 2 × 1) (2)

3.2
- Slaapmiddels en kalmeermiddels
- Bedaarmiddels
- Antidepressante
- Elektrieseskokterapie
- Psigochirurgie
- Hipnose (Enige 5 × 1) (5)

3.3
- Bly kalm
- Wees diplomaties
- Sorg dat jy nie instinktief met woede of ergernis reageer nie
- Probeer verstaan waarom die pasiënt so stroomop is
- Toon empatie
- Wees aan die pasiënt se kant en wys dat jy oor sy of haar welstand besorg is.
- As dit kan, help die pasiënt om die bron van frustrasie uit die weg te ruim
- As die probleem nie opgelos kan word nie, verduidelik kalm waarom dit nou eenmaal so is, en verduidelik dat die beleid, mediese hulp of wat ook al vir sy of haar eie beswil is
- Onthou dat die pasiënt se gedrag miskien 'n verdedigingsmeganisme is
- Onthou dat die pasiënt dalk pyn het of dalk bang of depressief is.
- As jy jou gevoelens nie langer kan beteuel nie, verlaat die kamer en kom eers tot bedaring, of vra 'n kollega om die pasiënt verder te versorg

(Enige toepaslike 8 × 1) (8)

Kopiereg voorbehou

3.4
- Verskeie faktore laat mense voel dat daar vir hulle geen ander uitweg is nie
- Hulle is nie teen 'n lastige lewensprobleem opgewasse nie
- Hulle pyn en lyding raak eenvoudig ondraaglik of oorweldigend
- Hulle voel dat hulle omstandighede nooit sal verbeter nie, dat niemand hulle kan help nie, en dat hulle nie langer vir die lewe kans sien nie
- Hulle het geen gesonde ondersteuningstelsel nie
- Die persone het geen gesonde hanteringstrategieë aangeleer nie, of het nie toegang tot hanteringshulpmiddels nie (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

VRAAG 4

4.1
- Die Departement van Gesondheid
- Die Nasionale Raad vir Geestesgesondheid
- Kindersorgklinieke
- Beroepsopleiding/vakopleiding
- Nasorghuise
- Spesiale skole
- Huweliksvoorligtingkantore (Enige 2 × 1) (2)

4.2
- Kulturele faktore
- Vorige ervarings
- Die betekenis van die situasie
- Aandag
- Vrees of angs
- Psigiese/psigogene pyn (Enige 5 × 1) (5)

4.3
- Sorg dat jy genoeg rus en slaap
- Gaan bedaar eers as dit nodig is
- Vra ander om te help en dra jou verantwoordelikhede aan ander oor as dit nodig is
- Moenie jou eie gesondheid verwaarloos nie
- Neem 'n blaaskans as jy moeg is
- Eet gesond
- Oefen gereeld
- Beoefen 'n stokperdjie
- Bestuur spanning (Enige toepaslike 8 × 1) (8)

4.4
- 'n Mediese sekretaresse kry met pasiënte met verskillende persoonlikheidstipes te doen
- Hierdie pasiënte is siek, en het pyn en ander probleme
- Sommige pasiënte word maklik gehelp; ander is veeleisend
- 'n Mediese sekretaresse moet elke pasiënt billik behandel, en deernis en empatie met elkeen toon.
- As hulle voel dat mens hulle verstaan en hulle goed behandel, sal pasiënte beter kommunikeer, met hulle behandeling volhou, en 'n opvolgbesoek bring as dit nodig is.
- As 'n mediese sekretaresse die verskillende persoonlikheidstipes ken, sal sy of hy in alles slaag wat hier bo genoem is. (5)

[20]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5

5.1
- Bloedverspilling (sny polsare of 'n slagaar af)
- Koolstofmonoksiedvergiftiging
- Ophang
- Verdrinking
- Elektriese skok
- Spring van 'n hoogte af
- Versmoring
- Vergiftiging
- Oordosis dwelms/alkohol
- Skoot (Enige 7 × 1) (7)

5.2
- Pyn waarsku 'n mens dat jou liggaam beseer is
- As 'n nadelige daad met pyn gepaard gaan, vermy ’n mens die daad.
- Pyn kan 'n positiewe verandering in gedrag meebring.
- Pyn vestig 'n mens se aandag daarop dat jy 'n siekte of kwaal het, en toon aan watter orgaan of liggaamsdeel aangetas is.
- Pyn herinner ons daaraan dat ons onsself goed moet oppas en op ons gesondheid moet let
- 'n Mens waardeer jou gesondheid opnuut wanneer die pyn verdwyn het
- Emosionele pyn maak 'n mens daarop attent dat iets (soos 'n verhouding) nadelig is vir jou, of dat iets daaraan gedoen moet word
- Pyn laat 'n mens die lyding van ander beter verstaan, en maak ’n mens meer simpatiek. (Enige toepaslike 4 × 2) (8)

5.3
- Humor is noodsaaklik om tot selfkennis te kom, en te voorkom dat mens te veel van jouself dink
- Humor laat 'n mens vir jouself en jou eie gebreke lag
- Dit verg heelwat moed om eerlik te wees en jou eie tekortkomings te erken.
- Dit vereis moed om jouself te leer ken en te aanvaar
- Dit verg moed om stappe te doen om jou eie gebreke te oorwin
- Party gebreke word moeiliker oorwin as ander. 'n Bietjie humor en moed maak dit makliker (Enige toepaslike 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou